'N UUR VAN GENADE

OORGANG NA 'N POST-CHRISTENDOM: WERKLIKHEID EN GELEENTHEID

PIETER VAN DER WALT

Vyftien jaar gelede het Prof Willie Jonker gesê die sterk en aansienlike posisie van die NG Kerk in die samelewing is iets van die verlede. Die kerk was tot in daardie stadium deel van die gevestigde landsorde en het so sy vryheid verloor. Maar ook die skielike kerklike en godsdienstige pluralisme in ons land sou daartoe meewerk dat die NG kerk veel minder geestelike invloed het.

Of ons hierdie verlies van mag as 'n "uur van genade" beleef het, omdat dit ons gehelp het om weer ons egte geestelike karakter te vind, is 'n ander vraag. Ons wil immers van nature eerder waardig en invloedryk wees.

OF ONS HIERDIE VERLIES VAN MAG AS 'N "UUR VAN GENADE" BELEEF HET, OMDAT DIT ONS GEHELP HET OM WEER ONS EGTE GEESTELIKE KARAKTER TE VIND, IS 'N ANDER VRAAG.

Jonker wys in 'n latere artikel in *Insig* daarop dat die kerk telkens in die geskiedenis geswig het voor die versoeking om met die sterkes en rykes verbind te wees. Toe die vervolgde kerk in 380 deur keiser Theodosius tot die staatskerk van die Romeinse Ryk verklaar is, het die eens magtelose kerk 'n magsfaktor in die samelewing en die politiek geword. Dit was die begin van die sogenaamde Christendom tydperk, soos deur die Kanadese teoloog, Douglas John Hall beskryf in sy boek, *The end of Christendom and the future of Christianity*. Tydens hierdie fase van die geskiedenis was die Christelike geloof dominant en soewerein. Die Christendom tydperk is egter nou drasties besig om tot 'n einde te kom.

"KAN ONS OPHOU OM DIT AS 'N KATASTROFE TE BESKOU EN BEGIN OM DIT TE BELEEF AS 'N DEURGANG NA 'N TOEKOMS WAT MEER IN LYN IS MET WAT ONS HERE IN GEDAGTE GEHAD HET TOE HY SY DISSIPELS GEVRA HET OM HOM TE VERGESEL OP SY MISSIE OM DIE WÊRELD TE VERLOS DEUR LIEFDE, EN NIE MAG NIE?"

Die vraag wat Hall ten opsigte van die einde van die Christendom vra, stem ooreen met wat Jonker 15 jaar gelede meer spesifiek oor die einde van die ou bedeling vir die NG Kerk gevra het: "Kan ons ophou om dit as 'n katastrofe te beskou en begin om dit te beleef as 'n deurgang na 'n toekoms wat meer in lyn is met wat ons Here in gedagte gehad het toe Hy sy dissipels gevra het om Hom te vergesel op sy missie om die wêreld te verlos deur liefde, en nie mag nie?"

Die tekens van 'n na-Christendom is sigbaar in ons gemeentes. Mense sien godsdiens as 'n opsie, 'n individuele besluit. Godsdiens word gesien as bloot nuttig. Mense is geneig om oop te wees vir enigiets op die spirituele supermark. Die nuwe onderwyser of bankbestuurder op die dorp is nie meer vanselfsprekend op die kerkraad nie.

Hall vind dit merkwaardig dat Noord-Amerikaanse denominasies optree asof niks verander het nie. Hulle aanvaar steeds die Christendom denkraamwerk as vanselfsprekend en praat asof hulle staan binne die sentrums van mag in die samelewing. Juis daarom is dit vir hulle moeilik om betekenisvol met mense buite die kerk te praat.

Terselfdertyd voel gemeentes egter aan hoe hulle invloed taan, en dit roep die reaksie op van 'n "*friendly church*". Gemeentes word plekke waar mense ingenooi word ter wille van die saamwees en onderlinge sorg, maar selde ter wille van die vorming van dissipels binne 'n heel eksplisiete geloofstradisie.

Mense wat op soek is na dieper betekenis en oriëntasie gaan dit nie sommer in die "vriendelike kerk" vind nie, want konsekwente vriendelikheid gaan hand aan hand met die vermyding van dieper en moeiliker geestelike onderskeiding. Gemeentes sal opnuut die basiese Christelike geloofsoortuigings moet leer onderskei van die aannames, waardes en strewes van die groter samelewing. Dit is ook waar in ons situasie.

Hierdie soort geloofsonderskeiding sal ons byvoorbeeld in verset bring teen die greep wat die moderne kommersiële samelewing met sy reklame op ons het, 'n greep wat ook sigbaar is in ons manier van dink oor die kerk. Ons sal die kerk minder begin sien as 'n handelaar van godsdienstige goedere en dienste en - meer Nuwe Testamenties - as 'n gemeenskap van dissipels van Jesus.

Geloofsonderskeiding, om 'n tweede voorbeeld te noem, sal ons ook in ons bediening minder laat fokus op terapie wat mense help met selfbevestiging, omdat ons raaksien dat die bevestiging van ons eie identiteit 'n tipiese waarde van ons algemene kultuur is, wat gewoonlik maar geskied ten koste van ander. Ons enigste keuse as Christene is om Christus te omhels as die Een wat kwesbare, gebrekkige en skuldige mense verlos van die modder van die wêreld.

GEMEENTES WAT WIL VRY KOM VAN HUL INEENGESTRENGELDHEID MET DIE WAARDES VAN DIE SAMELEWING OM SO WEER BETEKENISVOL BETROKKE TE KAN RAAK, KAN NIE KORTPAAIE NEEM NIE. HULLE MOET VOLGENS HALL BEGIN BY DIE BASIESE: 'N DIEPER VERSTAAN VAN WAT CHRISTENE BELY. IN PLAAS DAARVAN OM SOOS ALTYD BYNA NET TE VOORSIEN IN "PASTORALE BEHOEFTES" - WAT ANDER WOORDE GEWORD HET VIR INSTITUSIONELE TAKE - WORD BEDIENAARS VAN DIE WOORD TERUGGEROEP NA DIE AMP VAN LERAAR.

Nog 'n voorbeeld: Geloofsonderskeiding sal ons daartoe bring om op te hou om ons gewetes te sus met liefdadigheidsaksies, terwyl ons gerieflik neutraal bly teenoor die sosiale strukture wat daardie aksies nodig maak.

Die Christelike boodskap is nie bloot 'n gekleurdeglas weergawe van die wêreldbeskouing van die samelewing nie.

Gemeentes wat wil vry kom van hul ineengestrengeldheid met die waardes van die samelewing om so weer betekenisvol betrokke te kan raak, kan nie kortpaaie neem nie. Hulle moet volgens Hall begin by die basiese: 'n dieper verstaan van wat Christene bely. In plaas daarvan om soos altyd byna net te voorsien in "pastorale behoeftes" - wat ander woorde geword het vir institusionele take - word bedienaars van die Woord teruggeroep na die amp van leraar.

Leraars is mense wat dissipels vorm. Soos Newbegin dit gestel het, nie met hulle rug na die wêreld toe nie, maar terwyl hulle geloofsonderskeidend voor loop in die harde werklikheid met sy kragte van magsmisbruik en selfsug.

In hierdie proses sal ons opnuut die betekenis ontdek van klein wees. Die Bybelse metafore is suurdeeg, lig en sout... en dan wel 'n klein bietjie suurdeeg, lig en sout. Ons moet minder word sodat Christus kan meer word.

Predikante was vroeër dikwels oorlaai met die wêreldse waardigheid van 'n "*dominus*", 'n heer (Jonker). Daarom sal die oorgang na 'n nuwe fase nie sonder pyn wees nie.

Maar juis indien ons die "uur van genade" raaksien in hierdie oorgang na 'n na-Christendom en 'n na-volkskerk situasie, juis as ons die gestalte van 'n dienskneg aanneem... ophou om te praat asof ons in die sentrum van mag staan... kan hierdie stem weer egte betekenis kry.